

31 AUGUSTUS

**SKRIFGEDEELTE: KOLOSSENSE 1:3-8
FOKUSGEDEELTE: KOLOSSENSE 1:5**

Hoop as gawe

Geloof, liefde en hoop is die basiese komponente van Christenwees. Geloof en liefde is gegrond op die hoop (vs. 5) en dit besit ons. Die hoop is 'n godgegewe gawe en 'n werklikheid. Dit is vir ons 'n anker van die siel en hou ons veilig vas aan Jesus Christus (Heb. 6:18). Hy is priester vir ewig volgens die priesterorde van Melgisedek (Heb. 7:17). Hy het immers eens en vir altyd 'n offer vir die sondes gebring toe Hy Homself geoffer het (Heb. 7:27). Hy het reeds vir ons 'n plek gereed gemaak en Hy bewaar dit nou in die hemel as waarborg.

Ons moet volhard in die hoop op ons Here Jesus Christus (1 Tess. 1:3). Hy is ons hoop op die heerlijkheid (Kol. 1:27). Dit sal finaal aan ons geopenbaar word met sy wederkoms, want ons gaan saam met Hom verskyn en in sy heerlijkheid deel (Kol. 3:4). Ons moet ons gedagtes op die dinge daarbo rig waar Christus aan die regterhand van God sit (Kol. 3:1). Hy is die draer en waarborg van hierdie hoop – die hoop om saam met Christus en by God te lewe. Ons weet reeds van hierdie hemelse hoop deurdat ons die evangelie, die woord van die waarheid, gehoor het. Dit het ons en die hele wêreld bereik. Dit dra vrug in ons lewe, deurdat God dit in ons laat groei deur die Gees, wat dit in ons werk (Kol. 1:8). Hierdie hoop is 'n genadegawe van God en ons het dit onverdiend van God ontvang.

Sing: Skrifberyming 9-4:6

Pierre Cilliers (Teologiese student)